# Hoe om
# e-boeke aan te koop

1. Besoek die ITSI aanlyn winkel by **www.store.it.si**
2. Teken aan met jou bestaande gebruikersbesonderhede of skep 'n nuwe rekening.




Indien jy vir die eerste keer 'n rekening skep, sal jy gevra word om jou e-posadres te verifier. Vanaf hierdie skerm kan jy ook die aktivering e-pos herstuur of jou wagwoord verander.

## Kies die persoon vir wie jy boeke wil koop

Onthou – indien jy boeke op aparte toestelle wil laai (bv. vir jouself en vir 'n familielid op 'n aparte rekening), sal jy 'n nuwe rekening moet skep en hul boeke op daardie rekening aankoop.

**3.1** Om e-boeke **vir jouself te koop (of indien jy gelys is as 'n e-leserskool)**, kies "continue with personal account".




**3.2** Om e-boeke vir **jou kind te koop**, laai die leerder as 'n afhanklike. Klik op "link school/institution account":




## Koppel 'n nuwe afhanklike

Volg hierdie maklike stappe om 'n nuwe afhanklike te koppel:

- Klik op jou naam in die regter boonste hoek en kies **"manage dependents".**
- Kies die betrokke skool/instelling en voltooi jou kind se besonderhede.




- Vanaf hierdie skerm kan jy jou kind laai as 'n afhanklike en addisionele afhanklikes laai, OF jy kan bloot een kind koppel en jou boeke aankoop.
- Klik op **"Buy for someone else"** indien jy die afhanklike wil verander.

## Vind jou e-boeke

**4.1** Indien jou skool 'n **voorgeskrewe boeklys** het, kies jou skool en die leerder se graad vanuit die lys.

Indien die opwipboodskap nie verskyn nie, kan jy jou boeklys kies/verander deur op die knoppie te klik wat lees **"You have book lists available – click here".**







**4.2** Jy kan ook vir alle beskikbare boeke soek. Klik op **"Categories"** om te soek vir die tipe e-boek wat jy wil koop, of gebruik die "search bar" bo-aan die skerm.

## Maak gereed om te lees

**5.** Kies jou e-boeke en klik **"add to cart".** Dit is belangrik om die lisensietydperk van die e-boek(e) wat jy koop na te gaan:

- Ewigdurende ("perpetual" lisensie: dit gee jou lewenslange toegang via die miEbooks-toepassing.
- Driejaarlisensie: geldig vir 36 kalendermaande (verkieslik vir graad 10 tot -12).
- Eenjaarlisensie: jou e-boek sal geldig wees vir 365 dae (+2 maande grasietydperk).

**6.** Klik op die mandjie-ikoon in die regter boonste hoek om jou bestelling te bevestig. Jy kan 'n boek uit jou keuse verwyder of die gebruiker verander wat die e-boek sal ontvang. As jy tevrede is met jou keuse, merk die bevestigingsblokkie en klik op die **"Checkout"**-knoppie.




**7.** Kies jou voorkeurbetaalmetode en voltooi die betaling. Jy sal 'n e-pos met verdere besonderhede ontvang sodra die betaling gemaak is.

**8.** Laai die miEbooks-toepassing af om toegang te kry tot jou e-boeke.

